

Beste melkprodusent

**UITNODIGING OM DEEL TE NEEM AAN DIE SIEKEMONITERINGS- EN VOORLIGTINGSTELSEL VIR DIE SUID-AFRIKAANSE SUIWELBEDRYF VAN MELK SUID-AFRIKA**

1. Melk Suid-Afrika het besluit om bogenoemde projek te ondersteun omdat die projek 'n groot bydrae kan maak tot die welstand van die melkprodusente van Suid-Afrika en aangesien dit ook in belang van die land se verbruikers is.
2. Die behoefte aan 'n effektiewe siekterapporterings- en vroeë waarskuwingstelsel om biosekuriteit te versterk, is ná die verliese wat tydens die onbeheersde Slenkdalkoors-uitbreking in 2010 plaasgevind het, geïdentifiseer. Die suiwelbedryf is in 'n baie groot mate gespaar weens die feit dat die siekte nie na die hoof suiwelproduksie-areas van Suid-Afrika versprei het nie.
3. Na bogenoemde uitbreking is 'n basiese vorm van siekterapportering ontwikkel, maar dit is nie vinnig of interaktief genoeg indien daar weer 'n soortgelyke uitbreking sou wees wat moontlik na die hoof suiwelproduksie-areas kan versprei nie.
4. Melk SA het die Melkprodusente-organisasie ('n lid van Melk SA) as projekbestuurder van die projek aangestel, wat vir "Veterinarian Network" (V-Net) gesubkontraakteer het. Laasgenoemde sal vir die ontwikkeling en werking van die stelsel verantwoordelik wees. V-Net voorsien tans ook 'n ondersteuningstelsel aan privaat veeartse in die veebedryf.
5. Die aanvanklike ontwikkeling van die elektroniese stelsel is nou voltooi en gereed vir deelname deur roumelkprodusente en hul kudde-veeartse. Vind asseblief hieronder 'n kort beskrywing van die voorgestelde funksionering van die stelsel. Volledige inligting is beskikbaar vir persone wat op die stelsel registreer.
6. Toetsing van die stelsel sal in die volgende fase geskied, waarna die stelsel ten volle geïmplementeer sal word om die lys van siektes wat 'n impak op die welstand van die Suid-Afrikaanse suiwelbedryf tot gevolg kan hê, te dek.
7. U en ander rolspelers se deelname sal natuurlik moeite van u kant verg, maar weens die enorme voordeel wat die projek vir die bedryf inhou, is dit uiters belangrik dat elke rolspeler 'n bydrae maak.
8. Alle melkprodusente word hiermee vriendelik uitgenooi om op die stelsel te registreer en daaraan deel te neem.

Vriendelike groete

	 <p>MELKPRODUSENTE-ORGANISASIE MILK PRODUCERS' ORGANISATION</p>	 <p>MILK SOUTH AFRICA / MELK SUID-AFRIKA</p>
<p>Danie Odendaal</p>	<p>Philip Swart</p>	<p>Nico Fouché</p>
<p>V-Net</p>	<p>MPO</p>	<p>Milk South Africa</p>

AWHGNL011

Brooklyn Forum Building / Gebou, Cnr / H.v. Veale & Fehrsern Str. / Brooklyn, Pretoria  
PO Box 1961 / Posbus1961, Brooklyn Square, 0075, SA. Tel: +27 (0)12 460 7312. Fax / Faks: +27 (0)12 460 9909. E-mail / E-pos: admin@milksa.co.za

Directors / Direkteure:

CS Blignaut (Voorsitter / Chairman), AJB de Jongh, JJ Dowry, FA Grobler, AR Gutsche (Alternatiewe direkteur / Alternate director), AP Kraamwinkel, NJ Lok, MJ Loubser, (Ondervoorsitter / Vice-Chairman), AW Prinsloo, MG Rathogwa, DPA Schutte (Alternatiewe direkteur / Alternate director), TK Turner

Hoof Uitvoerende Beampte & Maatskappysekretaris / Chief Executive Officer & Company Secretary:

N Fouché

Members / Lede:

Milk Producers' Organization (NPC) and the Milk Processors' Organization (Association not for gain)

## Kort bespreking (Sien ook meegaande aanbieding)

### 1. Siektes gebeur nie sommer nie

Siektes volg 'n ontwikkelingsproses wat in meeste gevalle goed nagevors en beskryf is. Siekteverspreidingspatrone kom ook voor, maar kan verander en tot groot verliese lei. Die interaksie tussen die volgende hoof-faktore gee aanleiding tot die voorkoms van siektes:

- i. Omgewingsfaktore.
- ii. Dierefaktore.
- iii. Die spesifieke siekte-veroorsakende organisme of faktor.

Tans beskik ons nie oor opgedateerde siekteverspreidingspatrone nie. Daar is ook nie werkende rekenaarsistels in plek wat die voorkoms van siektes as gevolg van hierdie interaksies kan voorspel nie, en dus moet ons staatmaak op vinnige en deurlopende rapportering van die werklike siektevoorkoms vir 'n spoedige reaksie op die situasie.

Byvoorbeeld, die voorkoms van insekkoordraagbare en bosluisoordraagbare siektes verskil wesenlik van:

- i. Jaar tot jaar.
- ii. Seisoen tot seisoen.
- iii. Maand tot maand.
- iv. Streek tot streek.
- v. Plaas tot plaas.

Die Slenkdalkoors-uitbreking in 2010 het bewys dat dit baie belangrik is om die siektes op plaasvlak te monitor. (Sien aangehegte aanbieding vir agtergrondinligting.)

Die siekterapporteringstelsel wat deur die Veegesondheids- en Produksiegroep van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging ontwikkel is, was baie suksesvol met die voorsiening van 'n basiese oorsig van die maandelikse siektevoorkoms vir vee per provinsie in Suid-Afrika.

Ten einde vinnige of onmiddellike operasionele terugvoer te kry, moet siekterapportering vir die suiwelbedryf spesie-spesifiek wees. Talle siektes het 'n onmiddellike en langtermyn effek op melkproduksie. Die moniterings- en rapporteringsproses van hierdie siektes op plaasvlak, kan ook 'n ekstra dimensie byvoeg tot die identifisering van die behoefte aan verskerpte waaksaamheid betreffende hierdie siektes op streeksvlak, deur die melkboer en kudde-veearts.

Aandag en oplettheid, insluitende siektevoorkomingsaksies, behoort aangepas te word volgens die vlak en belangrikheid van siektevoorkoms, binne die konteks van drie benaderings tot siektevoorkoming, sowel as die huidige siekteweerstand van die kudde. Die drie benaderings tot siektevoorkoming is:

- i. Verhoging van algemene weerstand.
- ii. Verhoging van spesifieke immuniteit.
- iii. Vermindering of vermyding van blootstelling aan siekte-veroorsakende faktore.

Een, of 'n kombinasie van bogenoemde benaderings, word gewoonlik deur die melkboer en kuddeveearts in beplande siektebestuur gebruik.

### 2. Siektemoniteringstelsel vir die suiwelbedryf

Die stelsel bestaan uit 'n webgebaseerde elektroniese rapporteringstelsel. Alle melkprodusente sowel as hulle kuddeveeartse wat wil deelneem, kan op die stelsel registreer deur middel van 'n unieke gebruikersnaam en wagwoord wat aan hulle voorsien sal word.

Drie rapporteringsopsies sal beskikbaar wees:

- i. Aanvanklike lys van siektetoestande wat op die plaas of in die onmiddellike omgewing voorkom.
- ii. Maandelikse rapportering van gelyste siektes wat tydens daardie spesifieke maand voorgekom het.
- iii. Onmiddellike kennisgewing van 'n belangrike siektetoestand of -uitbreking wanneer dit gebeur.

Die terugvoerformaat bestaan uit die onderstaande gelyste geoutomatiseerde verslae:

- i. Oorsig van die verspreiding van individuele siektes in Suid-Afrika volgens provinsie en distrik, soos deur suiwelboere en hulle veeartse aangetoon is.
- ii. Maandelikse voorkoms van nuwe siektegevalle per provinsie en distrik.
- iii. Vroeë waarskuwing van 'n bevestigde siekte-uitbreking sowel as gereelde opdatings van die siekte se verspreiding tydens 'n uitbreking wat nodig mag wees vir deurlopende voorkomingsaksies.

### 3. Gebruik van 'n paar maklik herkenbare siektetoestande om die moniteringstelsel te inisieer en toets

Vir doeleindes van die ontwikkeling van 'n vroeë-waarneming en waarskuwingstelsel vir die suiwelbedryf, word net 'n paar maklik herkenbare siektetoestande aanvanklik gelys. **Knopvelsiekte in beeste word hier as 'n voorbeeld van so 'n siekte gebruik om die benadering te verduidelik.**

#### Knopvelsiekte:

- i. Is 'n virussiekte met geen primêre behandelingsopsies nie.
- ii. Word op verskeie maniere oorgedra, insluitende ordraging deur vlieënde insekte, wat die primêre wyse van oordraging na vatbare diere is.
- iii. Het 'n inkubasietydperk (broeitydperk) van ongeveer twee weke.
- iv. Het baie duidelike en herkenbare siektetekens in die klinies-geaffekteerde dier.
- v. Kom wydverspreid deur Suid-Afrika en veral in die herfs voor.
- vi. Het 'n groot invloed op kort- en langtermyn melkproduksie.
- vii. Kan slegs doeltreffend beheer word deur inenting van gesonde diere.
- viii. Is 'n aanmeldbare siekte.

### 4. Waarom word slegs 'n paar siektes gebruik vir die aanvanklike ontwikkeling en toetsing van die siekterapportings- en vroeë waarskuwingstelsel voorgestel?

- i. Huidige siekterapportering deur die Veegesondheids- en Produksiegroep dui aan dat hoewel dit 'n voorkombare siekte is, knopvelsiekte 'n voortdurende probleem bly.
- ii. Daar sal bottelnekke, onvoorsiene probleme en ekstra geleenthede ontstaan tydens die aanvanklike ontwikkeling van die benadering, maar deur een geselekteerde siekte te gebruik, sou bogenoemde probleme geïdentifiseer en reggestel kon word voordat die stelsel uitbrei na verdere siektes.
- iii. Rolspelers het ook die kans om betekenisvolle bydraes in die ontwikkeling van die rapporteringsformaat en die sukses van die stelsel te maak.
- iv. Die groot uitdaging lê daarin om almal se betrokkenheid en deelname in die elektroniese registrasie, sowel as die rapportering en ontvangs van verslae te kry. **As dit vir een belangrike siekte in die melkbedryf werk, kan dit vir meeste ander siektes gedoen word.**
- v. Die finansiële en produksievoordele van doeltreffende monitoring en beheer van 'n siekte (soos knopvelsiekte) kan veral betekenisvol wees as dit tot verbeterde vooruitbeplanning vir die beskikbaarheid en verspreiding van die entstof in die toekoms kan lei.

Sukses ten opsigte van die ontwikkeling van die stelsel, die deelname van alle rolspelers en die toetsing van die resultate, is van groot belang ten einde te kan uitbrei na ander en meer komplekse siektes wat mortaliteite of produksieverliese in die Suid-Afrikaanse suiwelbedryf veroorsaak.

Wanneer die toegewyde en interaktiewe elektroniese siektemoniteringstelsel in plek is, sou dit ook as 'n kommunikasiekanaal kon dien om ander siekteverwante navrae, soos siekte-opnames, of die voorsiening van geteikende inligting oor siektes, vir voorligtingsdoeleindes te kommunikeer.

'n Toegewyde web-gebaseerde stelsel sal ontwikkel kan word om spesifiek vir doeleindes van siekterapportering en -bestuur gebruik te word. Interaktiewe inligting kan gestuur word aan en ontvang word deur alle deelnemers of geselekteerde deelnemers op 'n kort keertydbasis.

Daar is 'n groot behoefte aan voorligting met betrekking tot die voorkoming van siektes maar dit moet hoogs geteiken wees omdat melkboere en hulle kuddeveeartse nie die tyd het om oortollige of nie-relevante inligting te bestudeer nie.

Die elektroniese stelsel sou individuele boere wat spesifieke siektes gelys het of gerapporteer het, identifiseer en hierdie inligting sou gebruik word as seleksiekriteria ten einde praktiese inligting oor siektevoorkoming aan daardie spesifieke boer en hulle kuddeveeartse te voorsien.